4. VERSOENING

U brief meld, en ek haal woordeliks aan: "Versoening is veral gerig op die lidmate van die VGK en NGK in Afrika, maar is tog op ons elkeen van toepassing." Hoekom hierdie stelling? Is hulle ook so verdeeld? Wat is die gesindheid van die Reformed Church in Africa? Indien die ander drie kerke nie 100 % vir kerkhereniging is nie, dink ek dat die NG Kerk baie arrogant is met die herenigingspoging. Veroorsaak ons dan nie meer verdeeldheid, ook in hulle geledere, nie?

ALGEMEEN: VERLIES EN HERSTEL VAN DIE KERKVERBAND IN DIE FAMILIE VAN NG KERKE

Uit die inligtingstuk onder bespreking, blyk dit dat die NG Kerk groot entoesiasme aan die dag gelê het, ook tans nog, tot bogenoemde aangeleenthede. By gebrek aan soortgelyke werkstukke van die ander kerke kan ek nie bepaal of hulle dieselfde siening en toegewydheid met die NG Kerk deel nie.

Soos reeds gemeld in my brief, is die proses van kerkhereniging volgens die sinodebesluite soos vervat in die werkstuk, onomkeerbaar, Dit is elke lidmaat se plig om die werkstuk te bestudeer om te sien waarheen ons op pad is. Ondeurdagte besluitneming kan veroorsaak dat die moontlikheid van kerkskeuring 'n werklikheid word.

Dit is met leedwese dat ek u as kerkraad in kennis stel dat ek nie kerkhereniging kan steun nie. Ek gaan ook nie as lidmaat van die huidige NG Kerk bedank nie, want dan het ek nie 'n stem en reg om 'n bydrae te lewer tot die bewaring en behoud van die NG Kerk Steynsburg nie.

Die uwe

JCV (Tappies) Erasmus

U versoek verdere kommentaar oor die volgende in u brief:

1. MODEL

In 'n demokratiese bestel kan die meerderheid by Ringe en Sinodes besluite neem wat gemeentes kan uitsluit wat nie wil herenig nie. Hierdie gemeentes mag dan slegs waarnemerstatus geniet, sal dan nie mag stem of 'n spreekbeurt mag hê oor die sake onder bespreking nie. Hierdie gemeentes mag ook totaal van die Ringe en Sinodes uitgesluit word. Hierdie reëling het gegeld toe 'n gemeente nie die sinodale aanslag vir die bou van 'n sinodale kompleks te Port Elizabeth kon maak nie. Die betrokke gemeente het die bedrag later betaal na 'n grootse poging. U voorstel, soos vervat in u skrywe, is uit voorafgaande kommentaar, nie vir my aanvaarbaar nie.

U versoek verdere voorstelle en my voorstel is die volgende:

Stig die nuwe herenigde kerk so gou moontlik, sodat dié wat wil verenig met hulle roeping en siening kan voortgaan. Tans is die lidmate van die NG Kerk almal ongelukkig: een groep is ongelukkig met die huidige bestel van die kerk soos dit tans bestaan ; en die ander groep is ongelukkig omdat hulle nie die NUWE bestel wil aanvaar nie.

Die besluit tot kerkhereniging is klaar geneem en onnodige tyd en fondse word bestee wat per slot van sake niks aan die aangeleentheid kan verander nie.

Ek is van mening dat die onderhandelings grotendeels sal gaan oor die oordrag van die huidige NG Kerk se bates en fondse, want daarsonder het die NUWE kerk nie 'n finansiele toekoms nie.

2. DIE BELYDENIS VAN BELHAR

Hierdie belydenis is nie vir my aanvaarbaar nie aangesien dit van politieke oorsprong is. Die opstellers hiervan het die NG Kerk, en dus ook vir my, uitgekryt as ketters, verdrukkers, ens. Daar is ook aangedring op belydenis, dat sonde gepleeg is, en moes die NG Kerk verskoning vra aan die sogenaamde verontregte kerkleiers.

Hierdie verontregte kerkleiers is vandag doodstil as dit by vergewing en versoening kom. Wat wel gebeur is dat ons (die NG Kerk) gedurig voorgehou word oor hoe ons hulle sou veronreg het.

Die NG Gemeente van Steynsburg het jare gelede die Ring en die Oos-Kaapse Sinode in kennis gestel van sy siening oor die belydenis van Belhar. Die belydenis is nié deur die gemeente aanvaar nie, en so ver my kennis strek, is dit tans nog die amptelike standpunt van die gemeente.

3. GESAMENTLIKE PROJEKTE

Dit is nie vir my duidelik watter tipe projekte u in gedagte het nie en meer besonderhede is nodig voordat ek 'n opinie kan uitspreek.

Du Plessisstraat 9
STEYNSBURG
5920
1 Oktober 2007

Die Voorsitter
NG Kerkraad
STEYNSBURG
5920

Geagte Kerkraad

KERKHERENIGING

U skrywe aangaande bogenoemde het betrekking en kennis van die inhoud word geneem.

U brief meld dat gemeentes selfstandig sal bly en oor hul eie lot sal kan besluit. Meer duidelikheid in hierdie verband is van belang vir 'n gemeente wat sou besluit om nie saamgevoeg te word in ringe en sinodes nie.

Volgens die skrywe *"Die Oos-Kaapse Verhaal – Die verlies en herstel van die kerkverband in die familie van NG Kerke"* is kerkhereniging 'n gegewe aangesien die sinodes reeds die besluite hiertoe geneem het. Daarvolgens is die proses onomkeerbaar, aangesien dit reeds duidelik gestel is: Die vraag is nie meer "OF" nie, maar "WANNEER" die daad by die woord gevoeg sal word. Uit briewe en artikels in die pers is dit duidelik dat daar groot ongelukkigheid onder baie lidmate en van die leraars bestaan. Lidmate wat ongelukkig is, vervreem hulle van die kerk en staan onverskillig teenoor die aktiwiteite van die kerk. Dit wil voorkom dat die kerkleiers hierdie stilswye as "goedkeuring" vir kerkhereniging aanvaar, terwyl dit juis die teenoorgestelde bewys. Talle gemeentes het reeds 'n probleem met kerk-los lidmate – gaan die gelykenis van die verlore penning en skaap by ons verby?

Kerkhereniging gaan weer die posisie van die kerk verswak soos met die vendetta teen die vrymesselaarsbeweging en Kerk en Samelewing. Met hierdie aksies het ons baie goeie, getroue lidmate verloor. My vraag is of die fisiese (getalle) eenheid dan belangriker is as geestelike eenheid, soos dit tans bestaan. Wie wil ons beïndruk met hierdie eenheid?

Die eenheidstrewe vir alle gereformeerde kerke is al dekades aan die gang, sonder sukses. Hierdie aangeleentheid moet liewers in die hande van die lidmate van die betrokke gemeenskappe gelaat word. Daar is groot verskille in kerkregering en bedieningsmetodes wat oorbrug moet word, voordat daar aan die ideaal van 'n herenigde NG Kerk gewerk kan word.

U brief meld verder dat 'n twee-derde meerderheidsbeginsel sal geld rakende verdere besluitneming deur die gemeente. Ek wil u daaraan herinner dat tydens 'n gemeente-vergadering waartydens ons toegespreek is deur Dii Frikkie Greeff (Burgersdorp), Arnold van der Westhuizen (Aliwal-Noord) en Lourens Erasmus (Lady Grey) die volgende versekering gegee is, en ek haal aan: *"Sou daar slegs EEN lidmaat nie ten gunste van kerkhereniging is nie, die bestaande gemeente nie gedwing sal word om te ontbind nie en sal die kerk se bates, d.w.s. geboue en fondse nie vervreem kan word nie."* Hoekom nou die verandering na 'n twee-derde meerderheid? Kan lidmate 'n volgende verandering van 50 % plus een te wagte wees?